Boekresensie

J. Kamphuis, Een uitgemaakte zaak. Een keuze uit de artikelen van Prof. J. Kamphuis aangeboden bij zijn afscheid als hoogleraar door het Studentencorps "Fides Quadrat Intellectum", Uitgeverij van den Berg, Kampen, 1987.

Hoewel hierdie boek slegs 'n beperkte seleksie bied uit die artikels wat prof. Kamphuis in die loop van die jare gepubliseer het, moet die seleksie as besonder geslaagd beskou word. Die agt artikels wat in die bundel opgeneem is, is sonder enige twyfel verteenwoordigend vir die scribent Kamphuis.

As professor in kerkgeskiedenis en kerkreg en later in die dogmatiek was sy belangstelling tog nooit tot daardie drie terreine beperk nie.
Kamphuis se literêre belangstelling kom helder na vore in sy boeiende en tegelyk indringende analise van die bekende Nederlandse skrywer Maarten 't Hart. Tegelyk ontdek ons in hierdie bydrae [p. 117-140] Kamphuis as dogmatikus, omdat hy 'n kragtige getuienis lewer van die Christelike leer van God se voorsienigheid.
'n Groot leemte in die geskiedskrywing van die Chr. Geref. Kerk van voor 1892 en dan in besonder van die Teologiese Skool te Kampen is opgevul met die aangrypende bydrae oor prof. A. Steketee, een van die professore van die Kampense skool.

Hierdie artikel *Deelgenoten in verantwoordelijkheid* kan as 'n postume eerherstel van prof. Steketee gesien word. Dit moet ook gewaardeer word dat prof. Kamphuis in sy persarbeid aandag gegee het aan wat buite die grense van die kerk waartoe hy behoort, plaasvind. Sy artikel oor die Gereformeerde Gemeenten is besonder simpatiek en met 'n groot aanvoeling van wat in daardie kerke op dogmatiese gebied aangaan, geskrywe [p. 75-93]. Sonder om al die veelvuldige dwalings in die vorm van subjektivisme en mistisisme oor die hoof te sien, waardeer Kamphuis dat die Gereformeerde Gemeenten "onverkort willen vasthouden aan de drie formulieren van enigheid van de Gereformeerde Kerken". Kamphuis gee in sy boek ook 'n stukkie kontemporêre kerkgeskiedenis in sy beskrywing van die konflik in sy kerk wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Nederlands Gereformeerde Kerken. Hoewel ek van harte saamstem met sy siening op die uitverkiesing en die verbond en Kamphuis hier 'n suiwer gereformeerde geluid laat hoor [p. 114, 115], vra mens tog die vraag hoe kon dit alles gebeur het. Kamphuis skrywe self oor 'n smartelike stryd en hy erken ook: "Bij gebreken in die strijd zal zeker de vinger zijn te leggen" [p. 113]. Oor die kerkregtelike kant van die konflik word nie veel gesê nie en hier is nog 'n hele aantal oop vrae. In elke geval kan daarom met dankbaarheid kennis geneem word van die feit dat daar beweging aan die kom is in die starre fronte tussen die Vrygemaak Gereformeerdes en die Nederlands Gereformeerdes, getuie 'n resente nommer van *De Reformatie* wat geheel aan die konflik gewy is [Jaarg. 63/6, 7 Nov 1987].
Kamphuis betoon hom regtig 'n kundige geskiedskrywer in sy *Overwegingen bij de slag bij Mohacs*, 29 Augustus 1526, waarin ons 'n pragtige stuk Hongaarse kerkgeskiedenisbeskrywing kry [p. 16-44]. Hierdie brokkie kerkgeskiedenis is daarom so besonder boeiend, omdat Kamphuis dit plaas teen die geografiese agtergrond van Hongarye op die breuklyn tussen Oos en Wes en teen die politieke agtergrond, omdat met name in die Hongaarse laagvlakte die Islamitiese en die Roomse wêreldmonargie as twee reuse teenoor mekaar te staan gekom het. Ten slotte is Kamphuis se studie oor die aard van die Skrifgesag [p. 141-174] ook lesenswaardig, veral met die oog op wat hy skryf oor objektivisme en subjektivisme in die prediking [p. 164-166]. *Een uitgemaakte zaak* is regtig 'n boek wat die moeite werd is om te besit en te lees. Die prys is 22 Nederlandse guldens.

L. Floor.

Jonker, W. D. 1987. ***Die relevansie van die kerk: Aktuele teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld.*** *Stellenbosch (RGN-verslag) (ongepubliseer), 178 pp.*

Hierdie jongste geskrif van Jonker moet gesien word as 'n worsteling van die skrywer om 'n antwoord te probeer vind op die vrae wat deur die Verligting aan die kerk en teologie gestel word. Die Verligting met sy kenmerke van outonomisme, subjektivisme, rasionalisme, liberalisme en sekularisme, beteken immers 'n breuk in die geskiedenis van die mensheid waaragter ons nooit weer kan terugkeer nie (11, 24). Ten einde 'n antwoord op die vrae van die Verligting te kan gee, skryf Jonker feitlik 'n teologiegeskiedenis van die afgelope tweehonderd jaar.
In hfst 1 word die probleem gestel en die vraag gevra of die kerk/geloof nog vir die lewe relevant is. In hfst 2 word daarop gewys hoe die teologie op die Verligting gereageer het en word aandag bestee aan Berger se siening – en die van Dekker wat baie daarmee ooreenstem – dat daar drie soorte reaksies was: deduksie (Barth), reduksie (Bultman) en induksie (Schleiermacher). Self onderskei Jonker vyf reaksies nl. (1) ortodoksie, (2) piëtisme, (3) liberale teologie, (4) neo-ortodoksie en (5) politieke teologie.

Hfst 3 handel oor "die wending na die wêreld" en daar word aandag gegee aan Barth, Van Ruler, Hoekendijk, Bonhoeffer, Gogarten en die Wêreldraad van Kerke. In hfst 4 word gewys op die "openheid vir die wêreld" wat in die Rooms-Katolieke Kerk aangetref word asook op die invloed van die politieke teologie. Rahner, Küng en Schillebeeckx kom ter sprake.

In die voorlaaste hfst (5) kom die antwoord van die politieke teologie aan die orde en word o.a. gewys op die invloed van Barth. Die verskillende gestaltes van die politieke teologie word bespreek: die teologie van hoop (Moltmann), politieke teologie (Metz), teologie van die rewolusie (Shaull), swart teologie (Cone), teologie van bevryding (Gutierrez en Sobrino). Ook na Suid-Afrika word verwys.
In die slothoofstuk gaan dit oor "die onontwykbare keuse" Die vyf genoemde reaksies word geweeg en te lig bevind, (selfs al sou daar by elkeen 'n bepaalde meriete aanwesig wees): die ortodoksie vanwee sy neiging tot rasionalisme, objektivisme en isolasie; die pietisme vanwee sy neiging tot subjektivisme en individualisme; die liberale teologie vanwee sy rasionalisme en subjektivisme; die neo-ortodoksie vanwee sy universalisme en reduksionisme; en die politieke teologie vanwee sy sekularisme, horisontalisme en legalisme. Vir die standpunt van Barth toon Jonker gereserveerde simpatie (163), veral omdat Barth nie die situasie oor die Woord laat heers het nie maar juis omgekeerd (164).
Watter antwoord gee Jonker nou self op die vraag i.v.m. die relevansie van die kerk (165)? Volgens hom móét die kerk relevant wees, maar op die basis van die evangelie. Die relevansie van die kerk is gelee in die verkondiging van die evangelie, maar dan 'n evangelie oor die *volle* heil wat die *totale* lewe raak en belig. Dit is waar dat die mens se diepste nood sy sonde en onvrede met God is, maar die reikwydte van die evangelie raak alles, ook die politiek. Die boodskap van heil mag egter nie opgaan in politieke welsyn nie. Die kerk moet kerk van die koninkryk en so kerk vir die wêreld wees.
Ten slotte gee die skrywer aandag aan die posisie van die NGK, waarvan hy meen dat dit in 'n te noue relasie tot die Afrikanervolk staan en daarom te onvry is. Slegs die genade maak vry tot ootmoedige en selflose diens aan God en die medemens. Die grootste relevansie van die kerk bestaan daarin dat hy in die volle sin van die woord waarlik kerk sal wees.
Die boek lewer 'n goeie illustrasie van hoe goeie teologie beoefen moet word: getroue

weergawe van ander standpunte sonder karikaturisering, billike evaluering en Skrifverantwoorde koersaanduiding. Daarmee is reeds gesê dat ek die boek hartlik aanbeveel en ook die hoop uitspreek dat dit spoedig in druk sal verskyn.

J. H. van Wyk.

Van der Walt, P. G. L. Des 1987. Die Christen en dans: 'n Nuwe koers. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS. 27 pp, prys onbekend.

'n Maand voordat die nasionale sinode van die GKSA 'n genuanseerde besluit oor dans sou neem, het bogenoemde studie met 'n soortgelyke konklusie verskyn. Van der Walt meen dat dans onmoontlik sonder die nodige onderskeiding veroordeel kan word. Sy *ja* is egter nie onvoorwaardelik nie en daar word hoegenaamd nie 'n vrypas tot elke dansvorm gegee nie.

Ek vind die skrywer se argumente Skriftuurlik en wetenskaplik verantwoord en 'n studie wat ons in die Christelike etiek werklik 'n stap verder bring.

J. H. van Wyk.

Boeke ontvang

Van der Walt, B.J. (red). 1987. Venster op die vrou: Reformatoriese perspektiewe. Potchefstroom: IRS.

_____ (red). 1987. Venster op die universiteit. Potchefstroom: IRS.

Verhoef, P. A. April 1987. Kerk en Samelewing: Wat sê die Ou Testament? Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

De Groot, C. G. 1988. Augustinus (354–430): Die rustelose waarheidsoeker. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS.

De Villiers, P. G. R. (ed). 1987. Liberation theology and the Bible. Pretoria: Unisa.

Vorster, W. S. (ed). 1987. Are we killing God's earth?: Ecology and theology. Pretoria: Unisa.

Tydskrifte

FAX THEOLIGICA (UOVS) 1987, 1(1) Redaksioneel; 'n Geheiligde lewe - 'n lewensprobleem vir die predikant J S Kellerman, p 1; 'n Geheiligde lewe: oefening in die toewyding aan God – S A Strauss, p 20; Die toerusting vir 'n geheiligde lewenspatroon – E J P Kleynhans, p 39; Taalkunde en Inleidingswetenskap in diens van die Nuwe-Testamentiese wetenskap – H C van Zyl, p 50; Gedagtes oor die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie in die toekoms van Suid-Afrika – S D Snyman, p 53; Hosea 1 : 1 - 9 – M H O Kloppers, p 58; Romeine 6 : 1 - 23 – J A du Rand, p 63; Resensies p 68.

JOURNAL OF THEOLOGY FOR SOUTHERN AFRICA (UK) March 1987, No. 58. Editorial p 3; Religious Studies as Political Practice in South Africa – David Chidester, p 4; Ntaba kaNdoda: Orchestrating Symbols for National Unity in Ciskei – Janet Hodgson, p 18; An Anglican Renewal Movement in Relation to its Zulu context – Richard Shorten, p 32; The Law and Faith in Barth's Theology – S S Maimela, p 42; Amos 6 : 1 - 7 "They dismiss the Day of Disaster but you bring near the Rule of Violence" – G H Wittenberg, p 57; Kairos: The Wrong Way on the Right road – John Suggit, p 70; The Evangelical "Kairos": Evangelical Witness in South Africa. A critique of a critique – David T Williams, p 75; Book Reviews p 81.